

N
U
U
S

GETUIENISBEDIENING

DANKBAARHEID

2021 – 2022

1 Tess 5:18 – Wees in alle omstandighede dankbaar want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.

G
E
B
E
D

1. FRANS EN HESTER BÖNING: MOSAMBIEK SENDING

Hulle is in Mosambiek en Hester geniet haar eerste besoek baie. Sy is opgewonde oor die mooi voëls en die natuur. Sy het teen die 21ste 'n verblyfvisum vir nog 'n maand gekry. **Bid** asb dat hulle al die dokumentasie op die regte tyd sal uitsorteer. Dank die Here dat Hy vir Hester op hierdie manier laat kennis maak het met Mosambiek en haar nuwe tuiste. Bid dat hulle gesond en veilig sal bly (malaria, Covid, Eloise se weer).

2. MICKEY MOUSE DAGSORGSENTRUM: MARINDA FIELIES

Dit gaan onder omstandighede goed met hulle (Marinda en Manie) en almal is gesond. Daar is tans slegs 10 kleuters vir basiese toesig by die Dagsorgsentrum. Sy het ook kinders vir nasorg. Manie het 'n halfdagwerk wat baie help. Marinda vra **voorbidding** vir die kinders wat doelloos by hul huise rondlê en vir ouers wat werkloos is.

3. PIERRE LAMPRECHT: ARBEIDSBEDIENING

Gholfdag Nov. 2020: Hulle moes ekstra moeite doen om hulle werk finansiëel te red en die Here het hulle wonderlik gehelp. Hulle het R50,000 skoon wins gemaak. Die meeste wat die gholfdag in die verlede ingebring het was R33,000. Prys die Here vir die groot wonderwerk. Volgens Pierre het hulle het baie gebid.

Uit die blokke, 2021: Pierre het die 4de Jan. weer begin werk en hy en 'n aantal mense het begin met boodskappe. Almal van Arbeidsbediening is egter nog nie terug nie agv van die virus. Byeenkomste soos die maandelikse Vriende van Arbeidsbediening (die predikante en sakemense) waar daar gewoonlik so 100 mense kom, is gekanselleer.

Gebed: Bid asb dat die Here die jaar finansiëel sal suksesvol maak want die besighede sukkel maar en hulle moet ander pogings aanwend om kop bo water te hou. Hulle sê baie dankie vir ons ondersteuning.

Hulle het Don. 20ste 07:30 na Cape Feed en Grain anderkant Grootbrak gegaan om 'n boodskap daar te lewer. Bid vir groot vrug op die werk.

Baie besighede is nog bang vir die virus en dan kan hulle nie daar boodskappe bring nie. Bid asb vir oop deure.

4. PROVINSIALE HOSPITAAL: LEONIE GELDENHUYS

Sommige mense kom hospitaal toe vir heeltemal iets anders en wanneer hulle getoets word vir Covid, toets hulle positief.

Bid vir die personeel wat elke keer getraumatiseer is wanneer 'n pasiënt positief toets. Personeel probeer hulself veilig hou. Heelwat van hulle toets egter positief en daar is selfs heelwat personeel of hul familie wat dood is.

Mense wat hul werk verloor, maak dinge ook moeilik. Soms is dit albei die man en vrou wat hul werk verloor. Mense het nie kos nie. Die kospakkies van die Staat is skraps. Sommige pakkies is ook nie volledig nie. Die

nood daarbuite is werklik groot. Kinderverwaarlosing neem ook toe. **Bid** asb vir ons dorp se mense wat nie werk het nie; vir die voorsiening van hulle basiese behoeftes en vir die kinders wat in hierdie situasies ly.

5. SENDELINGE NR 1

“We hope you are well and rejoicing in the Lord. This year is off to quite a start with us facing a fresh set of lockdown measures. We are back to schooling the kids from home as Covid-19 infections are skyrocketing. In all this I am just reminded and challenged about where our focus should be. 2 Corinthians 4.18 exhorts us to fix our eyes not on what is seen, but on what is unseen and with that comes a focus on eternity.

“We have the privilege of serving the Lord. It's a time of great change and seeing how God is working in amazing ways that overshadow the temporary nature of our current reality. Thank you for sharing in this journey with us.

“Over the last number of years, we have prayed for countries and cities. This year our prayer initiative will be focussed on hidden (often forgotten) communities which are in need of the gospel of Christ. For example, the arts community, people who lived through a genocide, etc. Please join us as we pray for these communities.”
[Kontak die Getuienisbediening as u van hierdie gebedsversoeke wil hê.]

GEBED: Bid asb vir al sy werk; vir haar werk waar sy skoolhou en vir die kinders se aanlyn-skoolgaan en vakkeuses.

6. SENDELINGE NR 2

“Ons kon vir drie weke ‘n ruskansie neem. Ons naaldwerkfabriek het die 13de Jan. oopgemaak en ons is weer volstoom aan die gang. Ons het nog twee vrouens bygekry by ons opleidingsgroep en is ook dankbaar vir ons Vader se voorsiening in kleiner bestellings waaraan ons reeds kon werk. Bestuurshulp is hier bygekry om ons ook meer kapasiteit en tyd te gee om by ons vriende uit te kom.”

Bid asb vir haar volkome herstel na Covid aangesien sy nog hoofpyn kry. Bid dat hulle dit sal regkry om van hulle werk te deleger. Bid vir die naaldwerkproduksie en vir die inspraak in die vrouens se lewens. Sê dankie vir die bestellings wat hulle kry. Bid dat hulle ‘n positiewe jaar sal beleef.

7. FEBA RADIO

PROJEK – DIE BEKENDSTELLING VAN “LITALA FM” 2021

Dr Jurie Vermeulen: Nasionale Direkteur skryf -

Terwyl ons nog in die beginfase van 2021 is, kan die toekoms enigiets inhou. Vertroue in die media is besig om drasties af te neem as gevolg van die groot toename in sogenaamde fopnuus. Mense wat hul eie weergawe van die waarheid wil deel. Die vraag is: Hoe kan ons deesdae **onderskei tussen feit en fiksie?**

Wat is die onbesmette WAARHEID? Die GOEIE NUUS van Jesus Christus bly die WAARHEID, en dit is ‘n voorreg om hierdie feit **aan die wêreld oor te dra.**

Soos julle reeds weet, was die toekenning van FEBA Malawi se amptelike FM uitsaailisensie in 2020 een van ons grootste DEURBRAKE. Dié stasie het sedert 1991 evangelie-gebaseerde programme aan die Yao Moslembevolking in Malawi uitgesaai wat tot grootskaalse bekerings onder dié mense gelei het.

Sedertdien, is nuwe Christenleiers toegerus en opgelei en duisende luisteraarsklubs is gestig, waarvan baie kerke geword het. Die tyd het nou aangebreek om hulle te help om hul eie stasie in Blantyre te stig, en ons het u gebede en ondersteuning nodig om dit te bereik! Ons is bly om te kan deel dat ‘n perseel bekom is vanwaar die

nuwe stasie gaan uitsaai en voorbereidings is reeds in volle swang.

Ons, in vennootskap met julle, ons getroue mediasendelinge, gaan vir die volgende drie maande slegs op hierdie projek fokus. Die behoeftes op hierdie stadium is vir klankmengers, rekenaars, senders, antennas en meubels. Ons benodig heelwat befondsing om koerierkoste en installasiefooie te kan dek.

Ons nooi u uit om saam met ons te werk, sodat ons teen Maart 2021 'n volledige, funksionerende radiostasie in Blantyre, Malawi kan lanseer!

8. GEOPENDE DEURE

Geopende Deure Internasionaal het regoor die wêreld sy jaarlikse 2021 Wêreldwaarnemingslys bekendgestel (WWL), wat die top 50 lande aandui waar Christene die ergste vlakke van vervolging en diskriminasie vir hul geloof in Jesus ervaar. Volgens dié lys, verduur sowat 309 miljoen Christene baie hoë of uiterse grade van vervolging.

WÊRELDWAARNEMINGSLYS 2021

Die Top 50 lande waar Christene die meeste vervolging ervaar. (1-12: Uitermatige vervolging; 13-50: Baie hoë vervolging)

1 NoordKorea •	14 Saoedie-Arabië	27 Marokko •	40 DRK*
2 Afganistan •	15 Maledive •	28 Mali •	41 Kasakstan
3 Somalië •	16 Egipte •	29 Katar •	42 Kameroen
4 Libië •	17 China •	30 Colombië •	43 Bhoetan
5 Pakistan •	18 Mianmar •	31 Bangladesj •	44 Oman
6 Eritrea •	19 Viëtnam •	32 Burkina Faso	45 Mosambiek
7 Jemen •	20 Mauritanië •	33 Tadjikistan •	46 Maleisië
8 Iran •	21 Oesbekistan •	34 Nepal •	47 Indonesië
9 Nigerië •	22 Laos •	35 SAR* •	48 Koeweit
10 Indië •	23 Turkmenistan	36 Ethiopië •	49 Kenia
11 Irak •	24 Algerië •	37 Mexiko •	50 Comore
12 Sirië •	25 Turkye •	38 Jordanië	
13 Soedan •	26 Tunisië •	39 Broenei	

*SAR – Sentraal Afrikaanse Republiek; DRK – Demokratiese Republiek van die Kongo

9. GIDEONS, MOSSELBAAI

Volgens Erica Ehrensberger het Covid ook onder die Gideons in Mosselbaai gemaai. **Bid** asb vir hulle en al ons mede-Mosselbaaiers om gesond te bly. Die Gideons se bedrywighede word kwaai aan bande gelê. Hulle vergaderings vind oor Zoom en Whatsapp plaas, maar die plasing van Bybels kan nie plaasvind nie. Bid asb dat elke Gideonbybel wat in iemand se besit is, sy vrugte sal dra.

10. LOURIE EN GISELA FERREIRA: KANJANJI ORPHAN PROJECT, ZAMBIË

Gisela sê dat hulle geseënd is want daar is nie Covid by hulle nie. Maar hulle kan nie oor die grens gaan om vars produkte in Katima Mulilo (naaste dorp) te kry nie. Hulle het vriende wat elke ses weke egter vir hulle die nodigste goed gaan koop. **Bid** asb vir hierdie vriende dat hulle sal besef hoe Godgestuur hulle op hierdie stadium is.

Gisela en Lourie is besig met kinders en honger en behoeftige dorpsmense/ “villagers” Kelvin het vyf van sy groter kinders deur die vakansie “gedissipel” en een van hulle is gedoop. Prys die Here! Die heropening van skole is uitgestel tot 1 Febr.

Hulle het gehoop om einde Jan terug te kom na SA – maar dit gaan nie gebeur nie. Lourie se Pa is 31 Des oorlede.